

SKRIFLESING: Jakobus 1:1-18

TEKS: Jakobus 1:2-4

TEMA: Wees bly oor beproewings...

Psalm 34 : 1

Psalm 34 : 2 (na gebed)

Psalm 66 : 4

Skrifberyming 74 (14-2)

Skrifberyming 78 (13-3)

Ook: Ps 73
Ps 119 : 25

As daar nou een som in ons godsdienst is wat ons gedurig verkeerd doen, dan's dit hiërdie een:

ek kry swaar + dit wil nie ophou nie = die Here is weg;
 = Hy hoor my nie en Hy help my nie;
 = Hy't my nie meer lief nie.

Maar die Heilige Gees wys ons in die Bybel ons dat hierdie som anders werk, dat dit by kinders van die Here só klink:

ek kry swaar + dit hou lank aan = die Here werk aan my;
 = Hy bou aan my,
 = Hy is besig om my op hierdie manier geestelik sterk en groot te maak!

Kom ons doen vanaand hierdie *som* in die lig van hierdie verse in die Woord.

Die kern van hierdie preek is dat ons bly moet wees oor beproewings, omdat die Here ons daardeur geestelik sterk en volwasse maak.

Ons kyk eers na die opdrag: dat ons bly moet wees oor beproewings en dan na die motivering daarvoor: dat die Here ons daardeur geestelik sterk en volwasse maak.

1. DIE OPDRAG

Ag dit louter vreugde ... wanneer julle in allerhande versoeking val...

Dís die opdrag wat die Heilige Gees hier deur Jakobus vir Christene gee.

Die eerste lesers van hierdie brief was waarskynlik van die eerste Christene wat daar was, meestal Jode, wat uit Jerusalem moes vlug toe daar na die dood van Stefanus (die eerste martelaar vir Christus) 'n vervolging teen die gelowiges daar in Jerusalem uitgebreek het.

'n Mens kan jou 'n ietsie voorstel van die omtandighede van hierdie mense:

- hulle was vlugteling, ontwortelde mense;
- hulle was arm, want 'n mens moet gewoonlik as jy vlug, eiendom en besittings agterlaat;
- hulle was met ander woorde mense wat op allerhande maniere swaargekry het.

En nou skryf Jakobus vir hulle 'n brief, waarin hy kort en kragtig en baie prakties oor Christen-wees in hierdie wêreld skryf.

En hy begin sy brief deur oor swaarkry te skryf, want dit was seker die saak wat vir hierdie mense voorop gestaan het: hulle swaarkry.

Dit ís mos so dat swaarkry in 'n mens se lewe geneig is om al die ander dinge te oorheers.

Hy noem swaarkry hier *versoeking*.

Maar dis baie duidelik uit vers 3, waar hy 'n ander woord gebruik om te praat van die *beproeuing* van hulle geloof, dat hy hier met die term *versoeking* nie maar net dink aan 'n blatante versoeking om sonde te doen nie.

Die Griekse woord wat hy hier gebruik het, praat van 'n toets:

- dinge wat gebeur, omstandighede waarin jy beland, wat jou geloof in God toets;
- dinge wat jou só ruk dat dit 'n vraag word of jy nog aan die Here gaan bly vashou of nie,
wat sal wys of jy Hom regtig vertrou!

Ons Afrikaanse woord *beproeuing*¹ sal dus hier 'n beter vertaling wees.

En nou skryf Jakobus van *allerhande beproewings*.

'n Mens se geloof kan deur verskillende soorte gebeure en omstandighede beproef word.

- Hierdie mense se ontworteldheid en armoede was byvoorbeeld vir hulle 'n geestelike toets.
- Maar net so kan die dood van 'n geliefde vir jou 'n toets word,
of 'n siekte wat jou lewe ontwig,
of 'n finansiële terugslag,
of 'n verhouding wat skipbreuk lei,
of jou kinders wat jou teleurstel en seermaak,
of die toestande in jou land en in die wêreld,
of 'n geloofstryd wat jou nie wil los nie.

U kan maar hier so wyd as moontlik dink: *allerhande versoeking* verwys hier na enige iets wat jou geloof skud
en wat jou vertrou in die Here toets.

En nou kom hier 'n baie verrassende opdrag oor hierdie beproewings:

- ag dit louter vreugde!

¹ proef = toets

- moenie mor en kla as sulke dinge oor jou kom nie;
- moenie in sak en as gaan sit asof dit nou die einde van die wêreld is nie;
- wees bly daaroor!

Dis 'n verrassende opdrag, nie waar nie?

'n Mens wil amper sê:

- dis 'n skokkende opdrag!
- dit klink amper ongevoelig om vir mense wat swaarkry te sê: wees bly daaroor!

Maar nou moet u verstaan van watter soort vreugde/blydschap Jakobus hier skryf.

- Hy praat nie hier van hierdie goedkoop glimlaggies wat mense partykeer propageer, asof dít nou die wêreld 'n beter plek sal maak nie.
- Hy sê nie dat gelowiges by die graf van 'n geliefde, of op die trap van die hof wat jou insolvent verklaar het, of by 'n motorongeluk of 'n misdaadtoneel met 'n glimlag moet rondstaan en met almal om jou moet grappies maak nie.

Hy praat van 'n ander soort vreugde waarvan die Heilige Gees ons in die Woord van die Here leer,

dié soort wat 'n mens het as jy 'n band met God het
en wat jy beleef as jy besef dat die Here in alle omstandighede met jou besig is.

Dis 'n soort vreugde wat nie altyd aan die trek van jou gesig gesien kan word nie, maar wat soos 'n rotsbank onder die water hier diep in jou binneste lê,
vas en stewig,

maak nie saak hoe stormagtig dit partykeer op die oppervlakte van jou lewe gaan nie!

Dis 'n soort vreugde wat 'n mens dalk *ewigheidsvreugde* kan noem, omdat dit tot in ewigheid by jou sal bly.

Met hiérvan blydschap moet ons baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor ons kom.

Dis die opdrag wat die Here hier vir ons gee.

2. DIE MOTIVERING

Hoe op aarde kan beproewings ooit as vreugde geag word?

Hoe kan dit rede wees vir blydskap?

Omdat die Here twee dinge daarmee bereik:

- Hy maak ons daarmee geestelik sterk;
- en Hy maak ons daarmee geestelik volwasse.

Hy maak ons daardeur **geestelik sterk**, taai.

*Ag dit louter vreugde ... wanneer julle in allerhande versoekinge val,
omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.*

Swaarkry-dinge leer jou lydsaamheid.

Dit oefen jou om te volhard;

want dis waarna die woord wat die apostel hier gebruik, verwys: volharding.

Dit *bewerk* volharding, staan hier letterlik.

Volharding is om uit te hou en aan te hou,
om vas te byt,
om deur te druk.

Volharding is om nie te gaan lê as daar 'n las op jou gelaai word nie,
maar om aan te gaan met jou lewe as Christen.

Volharding is om nie een tree voor die wenpaal op te hou nie.

Volharding is om die pad wat die Here vir jou gemaak het, met hoeveel opdraandes
ook al, te loop/leef, tot daar waar hierdie pad ophou.

Volharding is om die kruise wat Hy op jou rug sit, te dra tot daar waar Hy dit afhaal.

En nou bewerk allerhande beproewings hierdie volharding by 'n mens.

Deur al die vrae wat jy byvoorbeeld begin vra wanneer jy swaarkry
en deur die antwoorde wat jy dan mettertyd daarop kry,
begin jy al hoe meer besef dat die Here in hierdie swaarkry van jou met jou besig is
en dan skep jy moed om aan te hou in die geloof.

Beproewings is soos geestelike oefeninge, wat jou aanhou-spiere sterker maak en wat
jou geestelike stamina gee.

En wie van ons wil nie volharding hê nie?

Daar staan in die Bybel die mooiste dinge van volharding, byvoorbeeld:

*Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.*²

Deur beproewings maak die Here ons aanhouers, maak Hy ons geestelik sterk en taai.

En geestelik volwasse.

Dis wat hier in vers 4 staan:

Maar die lydsaamheid (= volharding) moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.

Die ander Afrikaanse vertaling gee die eerste deel van hierdie vers weer met: *En die volharding moet end-uit volgehou word...*

As 'n mens aanhou volhard -

(dit klink amper vreemd, nie waar nie?)

- om aan te hou volhard;
- om aan te hou aanhou;

maar dit maak tog sin,
want 'n mens kán ook moeg word om uit te hou en aan te hou;
jy kán ophou volhard!

dit gebeur gewoonlik wanneer mense voel dat die swaarkry-pad nou darem te lank aanhou!)

As 'n mens aanhou volhard, dan word jy 'n volwasse gelowige,
dan bereik jy volle geestelike rypheid, sonder enige tekortkoming.

Om *volmaak en sonder gebrek* te wees, beteken natuurlik nie dat jy sonder sonde word nie;

ons weet dit kan nie in hierdie lewe al gebeur nie.

Maar dit verwys na geestelike volwassenheid.

Soos wat 'n kind fisies groei tot hy sy volle grootte bereik het, tot hy 'n volwasse mens geword het,

so groei die kind van die Here deur aan te hou volhard tot 'n geestelike grootmens:

² Heb 10:36 (Av 1983). Vgl ook Mark 13:13b

- tot iemand wie se geestelike wapens só geslyp is dat hy/sy die aanvalle van Satan kragtig kan teenstaan;
- tot iemand wat die wil van die Here regtig verstaan en met toewyding doen;
- tot iemand wat gereed is vir die oorgang uit hierdie aardse lewe in die hemelse lewe by die Here in.

Deur beproewings leer die Here ons volhard,
en deur volgehoue volharding bring Hy ons by geestelike volwassenheid.

Hierdie *ons* is natuurlik die gelowige mense

- elkeen wat glo dat die Here Jesus gekruisig is om jou sondeskuld te betaal en om jou so met God te versoen;
- elkeen wat dit insien en aanvaar dat God deur die bitter van Sy eie Seun se lyding en dood die wondersoet van die ewige lewe vir die uitverkorenes bewerk en dus verstaan hoe God werk: deur die bitter na die soet toe.

Soos Hy dan ook in swaarkry met Sy kinders werk: deur die bitter na die soet toe.

Dit werk natuurlik by goddelose mense nie so nie.

By hulle lei die bitter, die swaarkry, juis baie kere tot allerhande sondes:

- hulle laster God oor hulle swaarkry;
- of hulle probeer die swaarkry met heidense fatalisme dra;
- of hulle probeer dit wegjol.

Baie kere verhard dit net hulle harte nog meer,

soos wat die plaë van die Here in Egipte die farao se hart net nog verder verhard het!

Maar by kinders van die Here bewerk die beproewings geestelike krag en taaieid en volwassenheid.

En daarom kan en moet kinders van die Here diep bly wees oor allerhande beproewings.

TOEPASSING

Ons sukkel maar met hierdie som.

As ons swaarkry

en veral as dit lank aanhou,

dan dink ons dat die Here weg is.

Maar as die Heilige Gees jou binnekant nuut gemaak het, dan begin God se somme tog vir ons sin maak –

hierdie som, byvoorbeeld, wat sê dat allerhande soorte swaarkry die Here se manier is om aan my te werk.

Hy bou my daarmee,

Hy oefen my,

Hy laat my groei,

Hy maak my geestelik sterk en groot –

presies dit wat 'n liefdevolle ouer met 'n klein kindjie behoort te doen!

En hoe meer ons begin verstaan hoe God se somme in ons beproewings werk, hoe meer sal die blydschap in ons groei:

- hierdie diep blydschap;
- hierdie rotsvaste blydschap;
- hierdie ewige blydschap;
- hierdie blydschap wat nie verdwyn nie
al sou die trane op die oppervlakte loop...

AMEN